

EVALUERINGSVERSLAG Ingevolge Artikels 56, 65 & 66 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (PK 264/2015, 30 Julie 2015)
AANSOEK: HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING: ERF 706, BONNIEVALE

Verwysingsnommerr	15/4/5/7	Aansoekdatum	11-10-2024	Verslagdatum:	27-8-2025
Keerderdatum vir kommentaar / Laaste kommentaar of inligting ontvang					29-7-2025

DEEL A: SKRYWER BESONDERHEDE

Naam	Jack van Zyl
Postitel	Senior Stadsbeplanner
SACPLAN registrasienommerr	A/1170/2000

DEEL B: BESONDERHEDE VAN EIENDOM

Eiendomsbeskrywing (volgens Titellakte)	Erf 706				
Fisiese adres	Landboustraat		Dorp	Bonnievale	
Huidge sonering	Enkel residensiële sone I	Grootte	3718m ²	Is daar bestaande geboue op die eiendom?	JA NEE

Toepaslike soneringskema	Langeberg Munisipaliteit Geïntegreerde Soneringskema, 2018				
--------------------------	--	--	--	--	--

Huidige grondgebruik	Woonhuis met buitegebou			Titellaktenommer en -datum	T38304/1997
----------------------	-------------------------	--	--	----------------------------	-------------

Enige beperkende titelvoorwaardes van toepassing?	JA	NEE	Indien JA, lys voorwaarde nommer(s)		
---	----	-----	-------------------------------------	--	--

Enige 3de party voorwaardes van toepassing?	JA	NEE	Indien JA, beskryf.		
---	----	-----	---------------------	--	--

Enige ongemagtigde grondgebruik / bouwerk?	JA	NEE	Indien JA, verduidelik
--	----	-----	------------------------

DEEL C: BESKRYWING VAN AANSOEK

Aansoek ingevolge Artikel 15 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 ten opsigte van Erf 706, Bonnievale vir die volgende:

1. Hersonerings van die erf vanaf Enkel residensiële sone I na Nywerheidsone I, om 'n skrootwerf en ingenieurswerke-onderneming te bedryf.
2. Vergunningsgebruik vir 'n Woonhuis om die bestaande woonhuis onder die Nywerheidsone I sonering te akkomodeer.
3. Afwyking van die ontwikkelingsparameters vir Nywerheid ten opsigte van die bestaande stoorgebou wat die nuwe 3m boulyn sal oorskry tot 1.45m vanaf die noordwestelike erfgrens.

DEEL D: AGTERGROND & OPSOMMING VAN AANSOEKER SE MOTIVERING

Die doel van die aansoek is om die grondgebruikregte te bekom vir 'n kleinskaalse metaalskrootwerf en ingenieurswerke-onderneming wat op Erf 706 bedryf word. Volgens die aansoeker het die onderneming reeds by die SAPD registreer as 'n tweedehandse goedere handelaar om skrootysters en 'n verskeidenheid metale te versamel en te verkoop en verkoop.

Die aansoekerperseel is geleë in Landboustraat in die westelike uitbreiding van Bonnievale, oorkant die Jakes Gerwel Tegniese skool. Die liggingplan en voorgestelde terreinuitlegplan word aangeheg in Bylae 1. Die voorstel is om 'n gedeelte van sowat 500m² (van die totale erfoppervlakte van 3718m²) te gebruik vir die versameling en verwerking van die skrootmetaal en kleinskaalse ingenieurswerke (vervaardiging en herstel van metaalprodukte, ingesluit spuitverfwerk). Buite dié 500m² area, is daar ook 'n klein (24m²) gebou wat as stoorkamer gebruik sal word en 'n buitegebou van sowat 50m² wat as kantoor, werkwinkel en stoor vir die onderneming aangewend sal word. Die bestaande woonhuis op die perseel (met vloeroppervlakte van sowat 140m²) word behou as woonhuis. Die bestaande erftoegang vanaf Landboustraat sal vir die onderneming gebruik word, terwyl die vereiste getal parkeerplekke op die perseel voorsien sal word. Die onderneming sal van bestaande dienste-aansluitings gebruik maak.

Die aansoeker se motivering kan as volg saamgevat word:

- Tekort aan beskikbare nywerheidsgrond in Mountain View en Happy Valley areas van Bonnievale.
- Lae intensiteit gebruik: kleinskaal (slegs 4 werknemers); eienaar woon op die eiendom; slegs een voertuig word vir die besigheid gebruik
- Gebruik sal inpas by karakter van omliggende omgewing
- Besigheid is op groot erf en sal relatief ver vanaf omliggende geboue wees.
- Skrootversamelarea is agter geboue en sal dus min visuele impak hê.
- Geraasimpak sal beperk wees tot sporadiese metaalsnywerk en sal slegs tydens besigheidsure geskied.
- Spuitverfwerk sal net per geleentheid gedoen word en beperk word tot windstil dae.
- Geen addisionele munisipale dienste word benodig nie.
- Voldoen aan beginsels soos gestel in SPLUMA en LUPA:
 - Ruimtelike geregtigheid (*Spatial justice*): Bied geleentheid vir entrepreneurskap en indiensneming
 - Volhoubaarheid en doeltreffendheid (*Sustainability and efficiency*): Versoenbaar met omliggende gemengde gebouke en maak gebruik van bestaande geboue en infrastruktuur. Groot erf word meer effektief benut.
 - Veerkragtigheid (*Resilience*): Minimale impak op omliggende eiendomme verwag. Grootte van erf maak dit moontlik om aktiwiteite alles op die erf self te hou, weg van aangrensende eiendomme en grootliks buite sig.

DEEL E: OPSOMMING VAN OPENBARE DEELNAME

Word openbare deelname ingevolge Artikels 45- 49 van die verordening vereis?

JA

NEE

Waar deelname vereis word, noem manier van advertering,

Pers

Kennisgewings

Wyksraadslede

Ander

DEEL F: OPSOMMING VAN KOMMENTAAR ONTVANG GEDURENDE OPENBARE DEELNAME (indien van toepassing)

	Beswaarmaker	Erf nr	Opsomming van beswaar
1.	Bonnievale Sakekamer		Besigheid sal misdaad in die dorp verhoog omdat dit as afset vir verkoop van gesteelde materiaal kan dien.
2.	JPJ & MC Neethling	704, 711	Aangrensende eienaar met staalbedryf sal meer blootgestel word aan diefstal, soos wat reeds gebeur. Besigheid sal lei tot risiko vir omliggende eienaars van onwettige betreding, besoedeling van omgewing, onooglike opberging van skroot, geraasbesoedeling en lugbesoedeling
3.	M Theron	708	Verhoogde risiko van inbrake en diefstal by beswaarmaker se nabygeleë eiendom (woonhuis). Voorvalle wat tussen 5 April 2023 en 28 November 2024 by SAPD aangemeld is, word genoem. Ander risiko's is: - geraasbesoedeling (sweiswerk en metaalsnyery) - lugbesoedeling (spuitverfwerk) - Peste soos rotte en muis - Diefstal van munisipale wheelie bins (vir aanry van skroot) Beweging van vragmotors in Landboustraat in verband met die besigheid sal veiligheidsrisiko vir skoolkinders as voetgangers. Aanspreeklikheid vir probleme met die besigheid is problematies omdat die persoon wat aansoek doen, nie die grondeienaar is nie. In teenstelling met die merkbare opgradering aan die betrokke buurt wat oor die laaste 10 jaar plaasgevind het en wat 'n positiewe invloed op eiendomswaardes gehad het, sal die voorgestelde bedryf die onmiddellike omgewing benadeel en waarskynlik eiendomswaardes laat afneem.
4.	Sr Stevens (Professional Primary Health Care Services)	1188	Tipe besigheid en lugbesoedeling sal 'n negatiewe impak op gesondheid van reeds siek pasiënte wat beswaarmaker se praktyk besoek, asook op jong kinders en bejaarde inwoners in die onmiddellike omgewing. Omliggende area is primêr 'n residensiële gebied. Sal geraasbesoedeling veroorsaak Eiendomswaardes sal negatief beïnvloed word Kriminele aktiwiteite en vandalisering van eiendomme gaan toeneem (soos wat gebeur het toe die besigheid onwettig bedryf is).

			Padversperrings deur mense wat in rye staan om skroot in te gee, veral vir ouers wat kinders by skool kom haal en vir beswaarmaker se pasiënte. Voorgestelde bedryf is nie 'n noodsaaklike diens vir Bonnievale nie. Publieke deelnameproses was onvoldoende, omdat daar nie vergaderings was om publiek se toestemming te vra nie.
5.	Inwoners van Landboustraat (17 persone, ingesluit nrs 3 en 4 hierbo)	1187, 707, 708, 1188)	Gesondheid van inwoners sal benadeel word deur geraas en lugbesoedeling. Besigheid gaan kriminele aktiwiteit na die omgewing lok, soos inbrake, vandalisme en diefstal van wieldromme. Verkeer in Landboustraat sal belemmer word deur mense wat wag om skroot in te gee, wat ook die ingang na erf 1187 langsaan sal versper. Tydens onwettige bedryf van die besigheid in 2024 is probleme ondervind met gedrag van mense wat die perseel besoek het. Die aansoeker het geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir sy kliënte se gedrag geneem of teen hulle opgetree nie.
6.	Kruispad Families (NPO 303-161, Huis van Veiligheid))	694	Voorgestelde besigheid sal 'n negatiewe uitwerking hê op die funksie as huis van veiligheid vir kinders met moeilike huislike omstandighede. Daar word verwag (op grond van die ervaring toe die besigheid onwettig bedryf was) dat probleme soos die onwettige betreding van beswaarmaker se perseel en inbrake en diefstal van materiaal by omliggende eiendomme weer sal toeneem. (Beswaarmaker het items wat op hulle perseel gesteel is, by die aansoeker se perseel identifiseer). Negatiewe invloed op eiendomswaardes verwag.
7.	Agrivoko BK	703	Beswaarmaker het diefstal van krane en ander items op hulle perseel (met besighede in die landbousektor) ondervind toe die skrootwerf in 2024 onwettig bedryf is en verwag weer 'n toename in misdadige aktiwiteite en ongemagtigde betreding van hulle eiendom indien die aansoek goedgekeur word. Skrootwerf sal bydra tot versperring van verkeer in Landboustraat, wat reeds ervaar word as gevolg van die skool. Skrootwerf sal onooglik wees en afbreuk doen aan die estetika van die omgewing.
8.	SJ Neethling	Er 704	Tydens onwettige bedryf van die skrootwerf in 2024 is die volgende probleme ervaar: — Toeloop van werklose mense wat omliggende inwoners pla en eiendomme betree. — Na-ure geraas en rusverstoring as gevolg van op sny van metaal. — Betreding van eiendom om eie skrootyster wat daar gestoor word, te steel.
9.	G Durell	River's Edge	Aansoek-eiendom is omring deur residensiële area en skool. Die volgende negatiewe impakte word voorsien:

			– Leeglêery en anti-sosiale gedrag rondom die perseel, wat beide inwoners en leerders wat na- en van die skool beweeg, sal benadeel. – Gesondheidsgehare vir omliggende inwoners – Toename in misdaad en diefstal van metaalitems in die dorp. Besigheid is nie noodsaaklik. Die negatiewe impak van die skrootwerf moet swaarder weeg as die enkele voordele wat dit mag inhou.
10	I Kilbride	692, 693 & 695, with interest in 2660, 2663, 2666, 2679	Beswaarmaker poog tans om die betrokke area te ontwikkel as 'n landelike toerisme area. Skrootwerf hoort nie in dié area nie, maar in 'n nywerheidsgebied. Verwagte toename in kriminele aktiwiteit, wat sal lei tot addisionele koste om beswaarmaker se eiendomme te beveilig en gesteelde toerusting te vervang. Daar is reeds 'n hoë verkeersvolume in Landboustraat, veral voetgangers vanaf die skool. Toeloop van mense na skrootwerf, wat dan in rye staan om skroot in te gee, sal verkeersbelemmering vererger. Die skrootwerf sal 'n onooglike en onnet indruk by besoekers aan Bonnievale skep.
11	River's Edge HEV en 10 inwoners / 5 erwe (ingesluit nr 10 hierbo)	River's Edge	Negatiewe impak op gesondheid agv geraas- en lugbesoedeling (veroorsoak deur spuitverfwerk en plastiek wat van metaal afgebrand word). Dit is nie prakties om dié aktiwiteite te beperk tot windstil tye. Toename in kriminele aktiwiteit in area en dorp in algemeen. Toename in verkeer sal gevaar wees vir skoolkinderen wat wag om opgelaai te word

Die volledige besware word aangeheg in Bylae 3. Die ligging van die beswaarmakers se eiendomme word op onderstaande kaart aangedui.

Die aansoeker het gedurende die kennisgewingtydperk ook 'n lys met 150 handtekeninge van inwoners wat ten gunste van die aansoek is ingedien. Ag (8) van die handtekeninge is van inwoners van 6 persele in die onmiddellike omgewing, ingesluit die aansoekperseel, soos aangedui met 'n geel sirkel op die onderstaande kaart. Die meerderheid van die 150 handtekeninge is van inwoners wat in die hele Happy Valley en Mountain View area, terwyl enkeles van Uitsig woonbuurt en omliggende plekke afkomstig is. Die volledige lys word aangeheg in Bylae 4.

'n Verdere lys met 24 handtekeninge ten gunste van die hersonering is op 4 Maart 2025 ontvang van die Hoeksteen Gemeente, wat ook aangeheg word in Bylae 4. Dit is nie bekend waar die ondertekenaars woonagte is nie.



Die aansoeker se reaksie op die besware word aangeheg in Bylae 5. Dit behels die volgende:

- Voorstel pas in by gebruik en karakter van die omliggende omgewing met gemengde en soortgelyke grondgebruik
- Stem ooreen met die SDF voorstelle. Ontwikkeling van dié geïdentifiseerde ontwikkelingsnodus is belangrik vir die ekonomiese behou van die betrokke deel van die dorp.
- Perseel is reg oorkant Jakes Gerwel skool se werkswinkels geleë.
- Soortgelyke besighede word in die sentrale sakekern van Bonnievale bedryf, sonder om die sake-omgewing negatief te beïnvloed. Voorgestelde besigheid sal op Kleiner skaal bedryf word.
- Aannames van diefstal en inbrake is nie geregverdig nie.
- Aansoeker wil 'n wettige en veilige besigheid bedryf.
- Perseel is geskik vir die besigheid, met voldoende ruimte vir voertuigbeweging en parkeerplek op die perseel.
- Registrasie by SAPD bied kontrole om aankoop van gesteelde materiaal en goedere te verhoed.
- Aansoeker het nodige kwalifikasie en besigheidsregistrasie om die besigheid te bedryf.

Insake kriminele aktiwiteit:

- Diefstalsake waarna in Beswaarmaker 3 se brief verwys word, het gebeur buite die tydperk wanneer die aansoeker sy besigheid bedryf het, naamlik vanaf 6 Februarie 2024 tot Julie 2024.
- Beswaarmaker 6 se bewering dat gesteelde goed op die aansoekperseel gevind is, word betwis en 'n verduideliking van die voorval word gegee.

Insake onooglikheid van perseel, geraasbesoedeling en lugbesoedeling:

- Dieselfde aktiwiteite waarvoor aansoek gedoen word, word op nabygeleë erwe 704 en 711 van Neethling Staalwerke sowel as op verskeie ander plekke in die dorp bedryf, sonder enige klagtes.
- Daar is ander bronne van geraas- en anti-sosiale gedrag in die omgewing, wat nie aan die skrootwerf toegeskryf kan word nie.

Insake verkeersprobleme:

- Skoolkinders stap in straat en veroorsaak verkeersobstruksie.
- Persone wat skroot na die aansoekperseel bring, het direkte toegang tot die perseel en staan op die perseel in rye om skroot in te ruil. Hulle staan nie en wag in die straat waar hulle verkeer kan belemmer nie.

Die aansoeker voer ook aan dat die besware almal buite die toegelate tyd vir kommentaar ingedien was. Hy verwys naamlik na die kennisgewing in die koerant (Worcester Standard / Breede River Gazette) van 7 November 2024, waarin 30 dae gegee is vir kommentaar, met ander woorde tot 7 Desember 2024. Die beswaarbriewe is almal nà 7 Desember gedateer (tussen 27 Desember 2024 en 16 Januarie 2025). Die aansoeker is egter nie bewus daarvan dat die kennisgewings wat direk aan omliggende grondeienaars gestuur is, weens tegniese probleme eers op 19 Desember 2024 uitgestuur is nie. Die korrekte keerdatum vir kommentaar / besware was dus eers 18 Januarie 2025 en alle besware is wel voor dié datum ontvang.

DEEL G: OPSOMMING VAN KOMMENTAAR VANAF STAATSINSTELLINGS EN/OF MUNISIPALE DEPARTEMENTE (indien van toepassing)

Elektriese Ingenieursdienste

The erf has an existing 60A single phase electrical connection.

Currently, no additional electrical capacity is available.

All alternative electrical installations to obtain prior written permission pre-installation.

Siviele Ingenieursdienste

Geen beswaar, op voorwaarde dat:

- Bestaande water- en rioolaansluitings sal behoue bly. Indien die wateraansluiting vergroot moet word, is die koste verbonde vir die aansoeker se rekening.
- Bestaande toegang na die erf sal behoue bly.
- 'n Plan moet voorsien word vir die hantering van stormwater op die perseel
- 'n Ontwikkelingsheffing ten opsigte van grootmaat siviele ingenieursdienste is betaalbaar gelykstaande aan een addisionele geleentheid wat geskep word, teen die begrote tarief soos van toepassing ten tye van die betaling. Die grootmaatsdiensbydrae is bereken op bestaande geboue en toekomstige voorgestelde ontwikkeling / geboue. Indien daar enigsins afgewyk word of addisionele ontwikkeling plaasvind as wat met hierdie hersonering voorgestel word, moet 'n nuwe aansoek ingedien word aangesien dit 'n impak sal hê op die grootmaatsdiensbydrae.

Boubeheer

Geen beswaar. Standaard voorwaardes geld rakende indiening van bouplanne vir nuwe geboue, veranderings, bestaande geboue sonder bouplanne en bestaande geboue waarvan die okkupasieklasifikasie verander

Brand- en rampbestuur

Geen kommentaar gelewer

Verkeersdienste

Geen kommentaar gelewer

Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit

No objection.

Applicant must comply with the requirements of CWDM Health By-laws (Gazette 16 February 2010) and make sure that any activity due to take place at Erf 706 does not create any form of health nuisance.

Wyksraadslid

Geen beswaar, mits daar aan alle vereiste voorwaardes voldoen word.

DEEL H: MUNISIPALE BEPLANNINGSEVALUERING (Verwys na Riglyne vir Tersaaklike Oorwegings)

Die beplanningsevaluasie van die aansoek is gegrond op die tersaaklike oorwegings ("*relevant considerations*") soos uiteengesit in the Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning se riglyndokument


Dit word bevestig dat die tersaaklike oorwegings in ag geneem is in hierdie evaluasie en dat die voorstel:

- in lyn is met die ontwikkelingsbeginsels van SPLUMA and LUPA;
- voldoen aan norme en standaarde, toepaslike nasionale en provinsiale regeringsbeleide, provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (PSDF) en die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (SDF) soos verduidelik in meer detail hieronder;
- nie bestaande regte en verpligtinge negatief sal beïnvloed nie;
- nie sal afbreuk doen aan die grondwetlike transformasievereistes nie;
- akkomodeer kan word binne die bestaande ingenieursdienste, maatskaplike infrastruktuur en oopruimtes; mits die ontwikkelaar die vereiste ontwikkelingsheffings betaal;
- nie enige ondersoeke ingevolge ander wetgewing vereis of behels nie;
- in lyn sal wees met die toepaslike bepalings van die soneringskema, met inagneming van die boulynoorskryding wat oorweeg word.;
- nie die omgewing in so 'n mate sal beïnvloed dat dit goedkeuring ingevolge omgewingswetgewing vereis nie;
- wenslik is, soos meer volledig motiveer word hieronder:

WENSLIKHEID

Versoenbaarheid met ruimtelike planne

Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, (LSDF), 2024 baken buurte (precincts) met gemeenskaplike karaktereenskappe in elke dorp af, waarvoor voorstelle vir toelaatbare grondgebruike gemaak word. Die aansoekperseel lê binne Precinct B, wat beskryf word as 'n lae digtheid residensiële karakter area, wat 'n sakenodus insluit en potensiaal het vir verdigting tot 'n medium digtheid karakter (sien onderstaande uittreksels uit die SDF kaart en tabel).



BONNIEVALE LAND USE PRECINCT		Low Density Residential Uses	Medium Density Residential Uses	High Density & Informal Residential Uses	Secondary Educational Uses	Place of instruction	Professional Use	Business Uses	Secondary Business Uses	Place of worship	Institution	Guest houses/self-catering	Authority	Sport/Recreational Facilities	Industries & Service Trade
B	Precinct B has a low-density residential character and include a neighbourhood business node. There are opportunities for infill development to achieve a medium density character Development on the southern boundary should be sensitive to the agricultural interface including boundary treatment.	X	X		X	X	X	X 3	X 1, 3	X	X	X	X	X	
(1) Along activity street (2) Only Service trades (3) At identified nodes (4) Only Agri-industries		Business Uses e.g. Shop, supermarket and service station. Place of instruction e.g. Schools, Universities, Colleges. Professional Uses e.g. Doctors, dentists, architects. Secondary Business Uses allows for neighbourhood business e.g. Café, house shops, small shop & offices and home occupation. House taverns only to be allowed along activity streets in residential areas. Secondary Educational Uses e.g. Crèches/day care.													

Die LSDF stel voor dat die straatblok waarin die aansoekperseel geleë is, toegelaat word om as sakenodus te ontwikkel. Die voorgestelde toelaatbare gebruike binne Buurt B sluit sakegebruike in, maar nie industriële gebruike nie.

Dit blyk uit die bostaande beskrywing van Buurt B in die LSDF dat die werklike karakter van die buurt nie in ag geneem was met die voorstel nie. Die beskrywing sluit nie die bestaande nie-residensiële gebruike in wat 'n bepalende invloed op die buurtkarakter het nie, naamlik die staalwerke (Neethling Staalwerke) op erwe 704 en 711, die landbou-georiënteerde groothandelsaak op erf 703, die motorwerktuigkundige werkswinkel op erf 702 en die vervoer-onderneming (Nobel's Busdiens) op erwe 700, 701 en 702, sowel as die Jakes Gerwel Vaardigeheidsskool op erwe 750 en 2921 (met die skool se werksinkels op lg. erf). Hierdie gebruike verleen aan Buurt B 'n gemengde gebruikskarakter van enkelresidensiël, sake en ligte nywerheid.

Gegewe die aard en beperkte omvang en skaal van die voorgestelde gebruike, word dit as versoenbaar beskou met die SDF voorstel vir 'n sakenodus, alhoewel dit tegnies gedefinieer word as 'n nywerheidsgebruik (vergelyk SPLUMA Artikel 19(2)). Selfs al word die voorgestelde gebruike geag as onversoenbaar met die SDF voorstelle en dus 'n afwykende ontwikkeling (soos bedoel in Artikel 19(3) van SPLUMA), kan aangevoer word dat die gemengde gebruikskarakter van die omliggende omgewing en voorkoms van soortgelyke ondernemings naby aan die aansoekperseel voldoende terreinspesifieke gronde bied om 'n afwyking van die SDF regverdig.

Ekonomiese impak

Enige nuwe besigheid sal bydra tot ekonomiese aktiwiteit en ekonomiese groei in die dorp. Die voorgestelde besigheid sal werk skep vir die eienaar en 4 persone wat vir hom werk. Daarbenewens kan dit ook inkomste bied aan persone wat skroot aan die onderneming lewer. Die ekonomiese impak op die dorp en streek sal egter relatief klein wees en word nie beskou as 'n deurslaggewende faktor in die oorweging van die voorstel se wenslikheid nie.


Skaal van kapitale investering

Die voorstel behels geen noemenswaardige kapitale investering nie, aangesien daar geen nuwe geboue opgerig gaan word of duur toerusting gebruik gaan word nie.

Versoenbaarheid met omliggende gebruike en karakter van omgewing

Soos genoem onder die evaluering van die voorstel se versoenbaarheid met die LSDF hierbo, word die betrokke area gekenmerk deur 'n verskeidenheid van grondgebruike, ingesluit enkel residensiël, sake en nywerheid.

Die beskrywing sluit nie die bestaande nie-residensiële gebruike in wat 'n bepalende invloed op die buurtkarakter het nie, naamlik die staalwerke (Neethling Staalwerke) op erwe 704 en 711, die landbou-georiënteerde groothandelsaak op erf 703, die motorwerktuigkundige werkswinkel op erf 702 en die vervoer-onderneming (Nobels Busdiens) op erwe 700, 701 en 702, sowel as die Jakes Gerwel Vaardigeheidsskool op erwe 750 en 2921 (met die skool se werksinkels op lg. erf). Hierdie gebruike verleen aan Buurt B 'n gemende gebruikskarakter van enkelresidensiël, sake en ligte nywerheid.



Die voorstel om slegs 'n gedeelte van die perseel vir die skrootwerf en ingenieurswerke te gebruik en die res vir bewoning, is in pas met die omliggende gebruike en karakter van die omgewing.

Impak op eksterne ingenieursdienste

Die voorgestelde besigheid sal 'n baie geringe impak op die eksterne ingenieursdienste hê. Dit sal nie noemenswaardig meer water, riool en huishoudelike afvalverwydering vereis as die bestaande woning nie. Die ingenieurswerke kan moontlik meer elektrisiteit gebruik as tans met die woning alleen, maar die bestaande aansluiting is steeds voldoende.

Die Senior Bestuurder Siviele Ingenieursdienste het aangedui dat die omvang van die voorgestelde gebruik 'n ontwikkelingsbydrae vir grootmaat siviele ingenieursdienste vereis, gelykstaande aan een addisionele geleentheid (m.a.w. soos vir een ekstra woonhuis).

Impak op erfenis

Die aansoekperseel is nie binne enige erfenisgebied geleë nie en is ook na van spesifieke bewaringsbelang nie. Daar word dus geen impak op erfenis voorsien nie.

Verkeersimpak, parkering, toegang en ander vervoerverwante oorwegings

Die perseel is goed toeganklik vanaf die openbare padnetwerk. Die bestaande motoringang vanaf Landboustraat is voldoende vir toegang na die voorgestelde besigheid. Daar is oorgenoeg ruimte op die perseel vir kliënteparkering en aflaai van skroot wat per motorvoertuig afgelewer word. Daar is ook genoeg ruimte vir voetgangers om op die perseel te wag om skroot in te handig.

Volgens die South African Trip Data Manual (TMH 17, Volume 1, Version 1.0, September 2012; Committee of Transport Officials) is die verwagte piektyd verkeersopwekking vir die tipe besigheid (nywerheid) 0.6 ritte per 100m², oftewel 3.6 ritte gedurende piektyd (oggend en namiddag) vir die sowat 600m² wat deur die buitelug skrootwerf en verwante geboue beslaan word.

In die lig van die goeie toegang, voldoende ruimte op perseel en verwagte lae verkeersopwekking, word nie voorsien dat die voorgestelde besigheid 'n beduidende impak op verkeer sal hê nie.

Impak op die lewenskwaliteit van die inwoners in die onmiddellike omgewing

Die vernaamste beswaar teen die aansoek is gebaseer op 'n verwagte toename in diefstal en ongemagtigde betreding van eiendomme in die omgewing van die skrootwerf. Ander gronde vir beswaar wat te make het met die verwagte impak op die lewenskwaliteit van inwoners in die omgewing, is die verwagte geraas (veral agv metaalwerke) en lugbesoedeling (hoofsaaklik agv spuitverfwerk).

Wat die beswaarmakers se verwagte verhoging in diefstal betref, kan dit nie in ag geneem word by die besluit oor die aansoek nie, om die volgende redes:

Die skrootwerf sal aan die normale wetlike voorskrifte en prosedures onderhewig sal wees, wat monitoring deur die SAPD behels. Daar kan nie sondermeer aanvaar word dat die aansoeker gesteelde goed sal aankoop nie.

Daar is wel ander skrootwerwe in bedryf in Bonnievale, sodat diefstal nie net aan die betrokke aansoek toegeskryf kan word nie. Indien skrootwerwe aanleiding gee tot diefstal, is dit onwaarskynlik dat sulke diefstal gelokaliseerd sal wees tot die onmiddellike omgewing van die skrootwerf. Hierdie aansoek moet beoordeel word volgens die impak van sy spesifieke ligging.

Wat die potensiële lugbesoedeling van spuitverfwerk betref, kan die impak beperk word deur 'n voorwaarde dat geen spuitverfwerk in die buitelug gedoen mag word nie. Die aansoeker sal dus die bestaande geboue daarvoor moet gebruik, of 'n gebou daarvoor moet oprig.

DEEL I: ADDISIONELE BEPLANNINGSEVALUERING VIR OPHEFFING VAN BEPERKINGS (Verwys na OVB riglyne)

NVT

DEEL J: AANBEVELING

Dat die volgende met betrekking tot Erf 706, Bonnievale ingevolge Artikel 60 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 met goedgekeur word, onderhewig aan die onderstaande voorwaardes opgelê ingevolge Artikel 66 van dieselfde verordening:

1. Hersonering van die erf vanaf Enkel residensiële sone I na Nywerheidsone I, om 'n skrootwerf en ingenieurswerke-onderneming te bedryf.
2. Vergunningsgebruik vir 'n Woonhuis om die bestaande woonhuis onder die Nywerheidsone I sonering te akkomodeer.
3. Afwyking van die ontwikkelingsparameters vir Nywerheid ten opsigte van die bestaande stoorgebou wat die nuwe 3m boulyn sal oorskry tot 1.45m vanaf die noordwestelike erfgrens.

VOORWAARDES:

1. Die omvang van die skrootwerf en ingenieurswerke onderneming is beperk tot die area van 500m² en bestaande geboue met vloeroppervlaktes van 24m² en 50m² soos aangedui in die aansoek en op die plan gemerk BON706-LBM-TP. Geen van die aangewese areas of geboue mag enigsins uitgebrei word en geen ander areas en geboue op die erf mag vir die skrootwerf of ingenieurswerke gebruik word sonder vooraf aansoek en goedkeuring vir wysiging van hierdie voorwaarde nie.
2. Daar mag geen spuitverfwerk in die buitelug plaasvind nie, maar moet beperk word tot binne geboue. Die oprigting van 'n gebou vir dié doel sal nie onderhewig wees aan die beperking soos in Voorwaarde 1 hierbo gestel nie, maar sal wel onderhewig wees aan die indiening en vooraf goedkeuring van bouplanne.
3. Die aansoeker moet minstens 6 parkeerplekke op die perseel voorsien vir parkering deur besoekers aan die besigheid (teen 1 parkeerplek per 100m² bruto verhuurbare vloerruimte, ingesluit die skrootwerf-area), sowel as 'n laaisone by die skrootversamelarea. Die parkeerplekke en laaisone moet op 'n terreinontwikkelingsplan aangedui word, wat ingedien moet word vir die Bestuurder Stadsbeplanning se goedkeuring, en dit moet fisies op die terrein ingerig word voordat die hersonering uitgeoefen mag word.
4. Die volgende vereistes en reëlings geld vir voorsiening van munisipale dienste aan die perseel:
 - 4.1 Bestaande water- en rioolaansluitings sal behoue bly. Indien die wateraansluiting vergroot moet word, is die koste verbonde daaraan vir die aansoeker se rekening.
 - 4.2 Bestaande toegang na die erf sal behoue bly.
 - 4.3 'n Plan moet voorsien word vir die hantering van stormwater op die perseel, vir goedkeuring deur die Senior Bestuurder Siviele Ingenieursdienste, voordat die heronering uitgeoefen mag word.
 - 4.4 'n Ontwikkelingsheffing ten opsigte van grootmaat siviele ingenieursdienste is betaalbaar gelykstaande aan een addisionele geleentheid wat geskep word, teen die begrote tarief soos van toepassing ten tye van die betaling. Die heffing moet betaal word voordat die hersonering uitgeoefen mag word.
 - 4.5 Die grootmaatsdiensbydrae in 4.4 hierbo is bereken op bestaande geboue en toekomstige voorgestelde ontwikkeling / geboue. Indien daar enigsins afgewyk word of addisionele ontwikkeling plaasvind as wat met hierdie hersonering voorgestel word, moet 'n nuwe aansoek ingedien word en mag die grootmaatsdiensbydrae herbereken word.
 - 4.6 Die bestaande 60A elektriese aansluiting sal behoue bly vir die hele ontwikkeling. Enige verlangde uitbreiding of opgradering van die aansluiting sal onderhewig wees aan beskikbaarheid van elektriese kapasiteit.
5. Daar mag geen advertensietekens op die perseel aangebring of vertoon word sonder formele aansoek by en vooraf skriftelike toestemming van die Bestuurder Stadsbeplanning nie.

REDES VIR BESLUIT:

Die voorgestelde vergunningsgebruik word as wenslik beskou op grond van die volgende:

1. Die voorstel is versoenbaar met die voorstelle van die Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.
2. Die voorstel is versoenbaar met die gemengde gebruikskarakter van die betrokke omgewing en met die omliggende grondgebruike.
3. Daar is voldoende toegang en ruimte vir parkering en laai van goedere en materiaal op die perseel en daar word nie 'n negatiewe impak op verkeer verwag nie.
4. Die ontwikkeling kan binne bestaande munisipale infrastruktuur akkomodeer word.
5. Met inagneming van wetlike voorskrifte en prosedures waaraan skrootwerwe onderhewig is, sowel as die feit dat daar ander skrootwerwe in die dorp is, kan die beswaarmakers se verwagte toename in diefstal in die onmiddellike omgewing nie as oorweging dien vir die beoordeling van die spesifieke aansoek nie.


DEEL K: BYLAES

Bylae 1: Liggings- en terreinplanne
Bylae 2: Aansoeker se motiveringsverslag
Bylae 3: Besware
Bylae 4: Onderteuningsbriewe
Bylae 5: Aansoeker se reaksie op beswaar

DEEL L: SKRYWER HANDTEKENINGA handwritten signature in black ink, consisting of stylized, overlapping loops and a long horizontal stroke extending to the right.

Bylae 1

Liggings en terreinplanne




LOCATION PLAN: 706 BONNIEVALE




UMSIZA
 PLANNING
 Town and Regional Planner

SCALE 1: 5000

Note: Only existing structures shown. Possible expansion of / additional buildings in future



ERF 706 BONNIEVALE: REZONING FROM SRZI TO IZI:
SMALL SCALE SCRAP YARD & CONSENT FOR DWELLING HOUSE



UMSIZA
PLANNING
Town and Regional Planner

SCALE 1:500

Bylae 2

Aansoeker se motiveringsverslag

MOTIVATIONAL REPORT

APPLICATION FOR REZONING & DEPARTURE: ERF 706 BONNIEVALE (NO 5 LANDBOU STREET)

1. PURPOSE OF APPLICATION & BACKGROUND

According to Section 15(1) of the Langeberg Municipal Land Use Planning Bylaw of 2015, no person may commence land development without the approval of the Municipality. According to Section 15(2) the owner of land may apply to the Municipality for, *inter alia*, rezoning of land as well as permanent departures from the development parameters of the zoning scheme.

Application is made to get approval for the existing small scale assembling of metals, the cutting and sorting, forming, building and painting of structures etc. by Eddie's Scrap on Erf 706 Bonnievale.

Edward Roger Mattheys was forced to start his own small engineering works to be able to survive after the Covid pandemic. The owner of Erf 706 Bonnievale is a relative that stays on the property only during school holidays and gave permission for Edward to use it for his business initiative.

Eddie's Scrap has been registered as a second-hand goods dealer at the SA Police Service to collect/buy and sell stainless steel, scrap metal, copper, brass, aluminum, zinc and lead. Several contracts, including the maintenance of buildings and electrical work have been awarded to him.

Apart from the SA Police Service, other operations include:

- Making of stainless steel products for private clients. e.g. steal gates, and zinc structures etc.
- Collection of scrap metals, sorting, packing and transporting to be sold to larger companies.

2. LOCALITY AND ACCESS TO ERF

Erf 706 Bonnievale is located in Landbou Street opposite the Jakes Gerwel workshops.

Access is obtained from Landbou Street.

3. CHARACTERISTICS OF SITE AND SURROUNDING AREA

The surrounding character of this area is a mixture of education with the Jakes Gerwel workshops opposite in Landbou Street, with the following land uses within the block *between Silwerboom, Leeubekkie, Landbou and Main Road*:

- Industrial use: Neethling's Construction on Erf 711 and extending towards Erf 704,
- Business zoned but not business uses: Albertos Funerals and the AGS Family Workshop Centre on Erf 713,
- Place of worship: New Apostolic Church and kitchen on Erf 712;
- Transport Use: Nobel buses and services on Erven 700 and 702,
- Warehouse: Agribisi Stores on Erf 703,
- Six single residential houses on erven, i.e Erven 1188, 1187, 707, 710, 704 (front) and 705.

Erf 706 is a large erf of 3718m² in extent and belongs to Margrieta Melinda Mattheys according to Deed of Transfer No T38304/1997.

A dwelling house of 140m² and a 50m² outbuilding (workshop and two rooms) were built after building plan approval in respectively 1963 and 1970.

Additional store rooms were built along the north-western boundary.

The remainder of the erf is vacant.

4. INTEGRATED ZONING SCHEME BYLAW, 2018 (IZS)

Erf 706 is zoned for Single Residential Zone I according to the IZS Bylaw of 2018, with dwelling house as primary use that means a building containing only one dwelling unit, together with such outbuildings as are ordinarily used with a dwelling house, including *inter alia* stores and garaging, second dwelling equal or below 60m².

The Bylaw makes also provision for:

- **Business Zone I** with business premises as primary use that means a property from which business is conducted such as a shop, supermarket, restaurant, liquor store, plant nursery, office, funeral parlour, financial institution and building for similar uses, place of assembly, place of leisure, institution, hotel, hospital, conference facility, rooftop base telecommunication station, and multiple parking garage with residential uses above ground floor.
- **Industrial Zone I** with industry as primary use that means a property used as a factory and in which an article or part of the article is made, manufactured, produced, built, assembled, compiled, printed, ornamented, processed, treated, adapted, repaired, renovated, rebuilt, altered, painted (including spray painting), polished, finished, cleaned, dyed, washed, broken up, disassembled, sorted, packed, chilled, frozen or stored in cold storage; and includes a scrap yard.

The proposed use of Erf 706 Bonnievale relates to the definition of Industrial Zone I. Industrial Zone I makes provision for a dwelling house as a consent use.

Development parameters applicable are:

- Max coverage = 75%
- Street building line = 5m
- Side and rear building lines: 3m
- Parking: 2 bays per 100m² GLA (floor covered by slab/roof) & 2 for house

5. LANGEBERG SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (SDF) 2014 & DRAFT SDF 2023-2028

The existing SDF of 2014 earmarks the area to the west of Jakes Gerwel School as a development focus area with mixed use (with commercial facing towards Main Road) and residential densification.

The draft new SDF 2023-2028 earmarks the whole block next to Main Road, Silberboom, Leeubekkie and Landbou Streets for a business node.

Main Road – Leeubekkie Street – Landbou Street is also identified as an Activity Street.

6. APPLICATION

Application is made in terms of the Langeberg Municipal land use Planning Bylaw 2015 for the following:

- Single residential*
- Section 15(2)(a): Rezoning from ~~Agricultural~~ ¹ Zone I to Industrial Zone I (Industry: scrap yard);
 - Section 15(2)(o): Consent use in Industrial Zone I for existing house; and
 - Section 15(2)(b): Permanent departure from the 3m side building line to 1,45m to make provision for the existing store rooms on the north-western boundary.

7. MOTIVATION

7.1 NEED AND DESIRABILITY

Need:

No land is set aside for the operation of light/small scale industries in Mountain View or Happy Valley.

Even in Bonnievale, the only industrial land earmarked for industrial use in the draft SDF are:

- Municipal owned land within the existing industrial area and only possibly available via a long process and public tender, availability of services unknown;
- A log strip of land to the west of Forrest Street. The desirability of the operation of a scrap yard across Bonnie Park is questionable. This road is a busy through-route and will be negatively affected by trucks stopping to turn into this area.

The demand for such small businesses has grown in today's declining economic climate. People has to make use of private initiatives to make a living and support their families.

The business is small and entails the following:

- Proprietor lives on the property
- Four employees
- One vehicle to fetch and/or deliver scrap materials or to reach clients for maintenance work

The activities include the following:

- Collecting primarily metal from properties
- Buying zinc and steal sheets to be cut and build and spray painted
- Receiving primarily metal from private individuals on site
- Weighing of goods
- Sorting and packing of goods, some metals has to be stored inside
- Transporting packed goods to be sold at larger scrap yards

- Transporting final products to clients
- Maintenance of electrical appliances at other sites on order

Desirability:

The proposed is in character with the immediate environment.

Although the latest draft SDF earmarks this block for business uses, four and a half of the erven with existing uses fall under the definition of industry:

- Warehouse: Agribisi (Erf 703)
- Transport usage: Noble buses (Erven 700 and 702)
- Builders yard: Neethling's Construction (Erf 711 and part of Erf 704)
- Funeral parlour (Erf 713)

Erven 712 and 713 Bonnievale are used for church purposes and not for business uses.

It is therefore proposed that the block rather be earmarked for mixed land uses that include business, community and industrial uses.

The size of the erf and small scale of development and large distances to the adjacent properties make this property desirable for the proposed use.

Impacts include:

Visual Impact:

Upon entering the application site, clients proceed to have their goods weighed. The goods are then sorted and stored either within storerooms, the office or shop, or at the rear of the premises. The outdoor working area is situated behind the office, workshop, or store and adjacent to the dwelling house.

Due to the location of the two structures on the site, very little is visible from Landbou Street or the dwelling house on Erf 1187. A large portion of the erf at the back remains undeveloped, reducing potential impacts on Erven 707 and 710. Since Erven 704 and 711 are characterized by industrial use, no negative impact is anticipated.

The house on Erf 705 is positioned near Landbou Street with a long and narrow vacant garden at the rear. The view from this house, which is not permanently inhabited, towards the open working area on Erf 706 is also minimal.

The front yard of the application site is well-maintained and aesthetically pleasing, and the proposed activities have no impact on Jakes Gerwel School, as the rear of the workshops faces Landbou Street.

Noise Impact:

The sound of steel cutting occurs infrequently, only when specific orders are placed, and is confined to normal business hours.

Given the mixed land uses in the area, which include various daytime operations, the surroundings are not typically quiet. The usual operational noises are in keeping with the character of the area.

Painting / Air Spraying is done occasionally in the outside working area. This is only done when no wind is blowing.

Services:

Erf 706 Bonnievale is linked with all municipal services.

No additional services are required.

7.2 ADHERENCE TO DEVELOPMENT PRINCIPLES

Development principles are referred to in Section 42 of the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) (SPLUMA) and Chapter VI of the Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014) (LUPA). Spatial justice, sustainability as well efficiency and good administration are met by the proposed application:

Spatial Justice

The proposed small-scale scrapyard on Erf 706 in Bonnievale will create opportunities for an entrepreneur and additional workers to earn a livelihood through dignified employment. It will also provide a marketplace for the sale of products and offer services such as maintenance and small steel works to the surrounding community and the broader region.

Spatial Sustainability and Efficiency

The small-scale scrapyard aligns with the mixed land uses in the surrounding area and will operate within existing structures and service provisions. The erf is sufficiently large

to accommodate a working space set back from the site's boundaries, ensuring efficient use of the land.

Spatial Resilience

The proposed land use and small-scale business are compatible with the surrounding area, with minimal impact on neighbouring properties. The working area is located at a considerable distance from, and out of sight of, nearby residential uses.

The size of the erf allows for the orderly and desirable accommodation of all vehicles and materials.

Good Administration

An integrated approach will be followed by the landowner, planning consultants and the responsible municipal authorities.

The process will be guided by applicable policies and legislation, with input from all relevant stakeholders.

8. CONCLUSION

The scrapyard on Erf 706 in Bonnievale is a small to medium-sized enterprise, aligning with South Africa's broader economic objectives to promote job creation and provide essential employment opportunities.

This initiative was established to secure the sustainable livelihoods of the applicant and his employees.

Due to its modest scale and the strategic location of its operations, the scrapyard will not negatively impact the surrounding area, which comprises a mix of land uses. The site is part of a block of erven designated for business use in the draft Spatial Development Framework (SDF).

From a land use perspective, the scrapyard on Erf 706 in Bonnievale is both necessary and desirable.




Backyard of Erf 706 Bonnievale
View towards Erven 710 and 711 Bonnievale



Backyard of Erf 706 Bonnievale
View towards Erven 711, 704 and 705 Bonnievale



Old entrance to erf closed
New entrance in centre of erf



Landbou Street mixed character



Entrance to Erf 706 Bonnievale from Landbou
Street with back of workshops opposite the street



Large attractive open area in front of erf

Bylae 3

Besware

BESWAAR 1

Bonnievale Sakekamer

Reg. No. 301-636 NPO



07 Januarie 2025

Hersonering van Erf 706, 5 Landboustraat, Bonnievale.

Hiermee maak ons as Bonnievale Sakekamer ten sterkste beswaar teen die voorgestelde hersonering van Erf 706 vir die inkoop van skrootmetaal en spuitverf besigheid.

Alhoewel ons ten gunste is van ekonomiese ontwikkeling is hierdie voorgestelde besigheid nie in lyn daarmee nie en gaan dit meer kriminele probleme veroorsaak.

Met die oprigting van 'n besigheid vir die inkoop van ou metale skep dit 'n maklike afset van gesteelde goed reg hier in Bonnievale en gaan dit verseker inbrake verhoog deurdat dit nou nog meer kriminele elemente na Bonnievale sal lok weens die maklike afset van die gesteelde goed.

Ons as inwoners van Bonnievale doen tans baie moeite om Bonnievale 'n veilige dorp te maak en kan nie toelaat dat hierdie voorgestelde besigheid dit in die wiele sal ry nie.

Ons vertrou dat u hierdie beswaar werklik ter harte sal neem en nie die voorgestelde hersonering sal goedkeur nie.

By voorbaat dank.

Hansie Wolfaardt
Voorsitter Bonnievale Sakekamer
083 386 6183

BESWAAR 2

06 Januarie 2025

Landbou Str 9 & Hoofstraat 6

Erf 704 & Erf 711

Bonnievale 6730

Ref: 15/04/5/5,7 & 9

Die Bestuurder: Stadsbeplanning

Departement Stadsbeplanning

Langeberg Munisipaliteit

Piet Retiefstraat 3

Montagu

6720

GRONDEIENAAR ERF 711 & 704, BONNIEVALE

BESWAAR TEEN VOORGESTELDE HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING VAN ERF 706, LANDBOUSTRAAT 5, BONNIEVALE

Hiermee teken ek teen sterkste bewaar aan teen die aansoek om hersonering en bedryf van besigheid op Erf 706, Landbou Straat 5, Bonnievale.

As eienaar van 'n staal bedryf wat grens aan die bepaalde erf is die risiko van diefstal, wat reeds gereeld plaas gevind het onaanvaarbaar. Die feit dat 'n bedryf van skroot – inkope aangrensend bedryf kan word – soos reeds onwettig gedoen was – het die ongewenste uitwerking van onwettige betreding, besoedeling op die omgewing en on-ooglike berging van skroot.

Daar is ook die risiko van geraasbesoedeling en lugbesoedeling vir die omliggende inwoners.

Die feit dat die besigheid nie deur die eienaar van die erf bedryf gaan word nie maak dit onmoontlik vir eienaars van omliggende eiendom om hierdie permanente veranderings en afwykings goed te keur.

Ek vertrou dat u my en die mede eienaars in die omgewing se teenkanting en besware in ag sal neem en so doende die aansoek sal afkeur.

Byvoorbaat dank



JPJ Neethling en MC Neethling

082 89 85 768

jni@lando.co.za

2025-01-01
Hoofweg 9 (Erf 708)
Bonnievale
6730

Ref: 15/4/5/5,7&9

Die Bestuurder: Stadsbeplanning
Departement Stadsbeplanning
Langeberg Munisipaliteit
Piet Retiefstraat 3
Montagu
6720

**GRONDEIENAAR ERF 708, BONNIEVALE, SE BESWAAR TEEN VOORGESTELDE HERSONERING,
VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING VAN ERF 706, LANDBOUSTRAAT 5, BONNIEVALE**

Hiermee teken ek ten sterkste beswaar aan teen die aangehegde aansoek om hersonering en bedryf van besigheid op Erf 706, Bonnievale (Landboustraat nr 5). Op 'n vroeër geleentheid het die besigheid se eienaar, mnr Edward Matthys, my onder valse voorwendsels 'n geskrif laat teken, sonder om presies te verduidelik wat die aard en omvang van die voorgestelde besigheid is, soos ek nou eers kon bestudeer in die aangehegde aansoek.

My redes vir beswaar is onder meer die volgende:

1. Sedert 2006 is ek die wettige grondeienaar van Erf 708, Bonnievale (Hoofweg 9), en die laaste 10 jaar self hier woonagtig. Hoewel ek in 'n rustige area bly op die rand van die dorp, het inbrake by my eiendom in die laaste 2 jaar toegeneem, en meestal vir items wat verkoop kan word aan skrootwerwe en pandjieswinkels. Ek glo die bedryf van die voorgestelde skrootwerf besigheid sal die risiko vir inbrake en diefstal op my eiendom verder verhoog. Hieronder die voorvalle, soos aangemeld by die Suid-Afrikaanse Polisie.
 - a. 5 April 2023 – diefstal van hekmotor en vandalisering van staalhok - CAS 10/4/2023
 - b. 14 Mei 2023 – diefstal van hekmotor ingesluit staalhok en sementblad, 3 dae na vervanging - CAS 52/5/2023
 - c. 3 Desember 2023 – diefstal van 30 meter van my erf se draadheining – CAS 15/12/2023
 - d. 28 November 2024 – diefstal van waterpomp en vandalisering van staalhok – CAS 112/11/2024
2. Verdere risiko's verbonde aan die bedryf van voorgestelde skrootwerf is –
 - a. Geraasbesoedeling weens sweis' en 'grinding' werk
 - b. Lugbesoedeling weens spuitverf
 - c. Peste en plae soos rotte en muise
 - d. Diefstal van munisipale 'wheelie bins' vir aanry van skroot
3. Onder Punt 7.1 word daar melding gemaak van 'n strook grond langs Forrest Straat wat nie geskik sou wees nie, aangesien groot trokke impak kan hê op die besige Forrest Straat en naby geleë Bonnie Park. Ek sien geen rede waarom Landboustraat meer geskik sou wees nie, veral in die lig

van Jakes Gerwel skool se ingang wat uit Landboustraat loop, met baie kinders wat soggens en smiddae in Landbou- en Hoofstraat beweeg as voetgangers, of wag vir voertuie om opgelaa te word.

4. Volgens Punt 7.2 sal die besigheid ook 'n markplek kan verskaf vir die verkoop van produkte en lewering van dienste – volgens die Bywette soos aangehaal in Punt 4, val sulke aktiwiteite onder Besigheidsregte (kommersieel) en nie Industrieel, waarvoor aangehegde aansoek is nie. Enige sodanige aktiwiteite sal dus onwettig bedryf word.
5. Die eienaar van die besigheid is nie die geregistreerde grondeienaar van Erf 706 nie, wat vrae laat ontstaan oor wie verantwoordelikheid en aanspreeklikheid neem indien klagtes ingedien word by die Polisie of Munisipaliteit.
